SEP-0001-0003-013



# By 'Kritici se keuse' is toeskouer die kritikus

**Critics' choice**
Instituut van Kontemporêre Kuns (ICA), Newtown, Johannesburg
**Wilhelm van Rensburg**

VYF bekende kunskritici is deur die Instituut van Kontemporêre Kuns (ICA) genooi om elk 'n lys van tien kunstenaars voor te lê wat hulle persoonlike keuse sou weerspieël van die beste en belangrikste Suid-Afrikaanse kunstenaars.

By navraag blyk dit dat die kritici nie betrokke was by die saamstel van die kortlys van kunstenaars nie en ook nie by die uitkies van die voorbeelde van die betrokke kunstenaars se werk nie. Almal was nie noodwendig tevrede met die keuse nie.

Soos wat die naam van die tentoonstelling aandui, het die kritici in hul beroepshoedanighede aan die saamstel van die tentoonstelling deelgeneem. Hieruit volg dat elkeen sy keuse volgens sekere kriteria gemaak het. Die toeskouer word in die ongewone posisie gestel om self "kritikus" te speel.

Alan Auld (*Collage*) kies Micheal Pettit, Jeremy Wafer, Jane Alexander, Robert Hodgins en Philip Badenhorst. Die keuse



Wilhelm van Rensburg het hom pas as kunsresensent by Kalender aangesluit. Hy het 'n belangstelling in kuns en letterkunde en het 'n MA-graad in kunsgeskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit verwerf. Hy het vantevore oor kuns en letterkunde vir verskeie publikasies en katalogusse geskryf. Hy is reeds die afgelope ses jaar 'n dosent in Engels en kuns aan die Soweto College of Education.

weerspieël sy belangstelling in die konseptuele aard van die moderne kunswerk. Die toeskouer kyk twee keer na Pettit se *Double take*, 'n portret met twee paar oë.

Wafer se *Container* is 'n (letterlik) reusagtige uitbeelding van 'n houer wat niks bevat nie.

Michael Caulson (Financial Mail) het Keith Alexander, Norman Catherine, Karen Jaroszynska en ook Pettit op sy lys. Die keuse van veral gesofistikeerde establishment-kuns dui, ironies genoeg, nie op die voortsetting en bevestiging van welvaart en 'n hoë kultuur nie, maar op die verval daarvan. In Alexander se *Trophy* pryk die wildebeestrofee – trofee van manlike heerskappy van die natuur teen die muur, terwyl 'n Romeinse kapiteel – vergestalting van kulturele verfyndheid – stukkend op die vloer val.

Bettie Lambrecht (Beeld) kies Wilma Cruise, Diane Victor, Karel Nel, Geoffrey Armstrong en Guilio Tambelini. Haar keuse weerspieël die soeke na 'n balans tussen die tegniese vaardigheid en die konseptuele aard van die kunswerk. Die kunstenaars is dan ook almal tegnies uiters vaardig. Die nihilistiese voer egter die konseptuele botoon. Vergelyk Victor se *Dennunciation* en haar *No hope, guts or glory*, Nel se *Schism Diptich* en Tambelini se *Mother Nature takes a dive while man loads his gun*.

Werke van kunstenaars gekies deur Johan Bruwer (Vrye Weekblad) verteenwoordig 'n versoenende en rekonstruktiewe toon aan die tentoonstelling: vergelyk Jackson Hlungwane se *Large Christ*, Rakgoathe se *African adoration* en *Meditation for universal peace*.

Powell besin oor en ontgin die veelsydigheid van die egte Afrika kunswerk/handwerk binne 'n Suid-Afrikaanse konteks. Hy stel 'n tradisionele, outentieke, figuratiewe houtfiguur van verkieslik Suidelike of Wes-Afrika voor naas 'n baie swak figuratiewe vlooimark-kuriositeit uit Zaïre. As kritikus slaag hy daarin om betekenislae te ondersoek, soos blyk uit die naasmekaarplasing van beeldhouwerk van Doctor Phutuma Seoka en Hlungwane. Powell kies ook voorbeelde van die tradisionele uitbeelding van 'n "swart" man deur 'n "wit" kunstenaar (sien byvoorbeeld Preller se *African head*).

• **Tot 21 Augustus.**